# EDENVALE

STADSRAAD TOWN COUNCIL

☎ 609 - 8700 / 17

✉ 25 Edenvale
Tvl. 1610

Navrae / Enquiries:
Mnr. Lamprecht - 277

My ref./ My verw. Perslêer

Your ref./ U verw. ...................................

**GEREGISTREERDE POS**

Mnr. J.G. Gräbe
Posbus 7845
**PRETORIA**
0001

29 JUN 1989

Meneer

**AANSTELLING: SENIOR KLERK**

Met verwysing na u aansoek om bogenoemde betrekking, het ek genoeë om u mee te deel dat u in die Raad se diens aangestel is op die volgende voorwaardes:

1. **POSBENAMING:** Senior Klerk

2. **DEPARTEMENT:** Stadstesourier

3. **DATUM VAN INDIENSTREDING:** 1 Augustus 1989

4. **SALARISVLAK:** 8

5. **SALARISSKAAL:** R26 952 - R31 284 per jaar

6. **SALARISKERF:** R26 952 per jaar

7. **VERLOFBONUS:** Gelykstaande aan een maand se salaris.

8. **BEHUISINGSUBSIDIE:** Kan betaal word, onderworpe aan sekere voorwaardes.

9. **VERLOFGROEP:** B

   **VAKANSIEVERLOF:** 27 Werkdae met volle besoldiging per jaar.

   **SIEKTEVERLOF:** 90 Werkdae in 'n siklus van 3 jaar.

(Verlofvoordele kan ooreenkomstig die Wet op die Besoldiging van Stadsklerke, 1984 (Wet 115 van 1984) soos gewysig, verander.)

2./.............

*'n Afrikaanse weergawe van hierdie brief is beskikbaar op skriftelike aanvraag*
*An English translation of this letter is available on written request*

10. **BEëINDIGING VAN DIENS:** Is onderworpe aan een maand skriftelike kennisgewing deur beide partye.

11. **VERDERE VOORWAARDES:** U moet -

11.1 'n Proeftydperk van ses maande dien.

11.2 Lid word van die Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Tvl.)

11.3 Lid word van die Gemeenskaplike Munisipale Mediese Hulpfonds.

11.4 Lid word van die Personeel-Groeplewensversekeringskema.

11.5 Die Raad onmiddellik in kennis stel van enige verandering in u huwelikstatus/adres.

11.6 Enige opdrag aan u uitgereik deur u onmiddellike hoof, die departementshoof en/of die Stadsklerk, uitvoer.

11.7 Bewys lewer van u ouderdom en opvoedkundige kwalifikasies voor of op datum van diensaanvaarding.

12. U diens sal verder onderworpe wees aan sodanige Nywerheidsraadooreenkoms as wat van tyd tot tyd op amptenare van die Raad van toepassing gemaak word. 'n Afskrif van genoemde ooreenkoms sal aan u voorsien word by diensaanvaarding.

13. 'n Behuisingslening kan in die diskresie van die Raad en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Raad mag besluit, aan u toegestaan word.

14. U aanstelling is onderworpe aan die inhandiging van die volgende sertifikaat:

St. 10 Sertifikaat

3./......................

15. **SPESIALE DIENSVOORWAARDES:**

U aanstelling is voorts onderworpe aan die indiening van 'n bevredigende mediese verslag.

Meld asseblief aan by die Personeelkantoor, eerste vloer, Munisipale Kantore op die dag van diensaanvaarding.

Die volgende dokumentasie/inligting word met diensaanvaarding verlang:

* huweliksertifikaat (indien van toepassing),
* geboortesertifikaat,
* identiteitsnommer,
* inkomstebelastingverwysingsnommer,
* werkloosheidsversekeringskaart,
* bestuurderslisensie(s) (indien van toepassing),
* bankverwysingsnommer,

en u kinders se geboortesertifikate (indien van toepassing).

Dit word vertrou dat u gelukkig in die Raad se diens sal wees.

Die uwe

STADSEKRETARIS
JL/ab/59/6

# S T A D S R A A D   V A N   E D E N V A L E

My Verw.: P.6 (Ink.)
U Verw. : Perslêer

Kantoor van die Stadstesourier
EDENVALE

11 Oktober 1990

Die Stadsekretaris
EDENVALE

**AANSTELLING AS ONDERREKENMEESTER : J.G. GRÄBE**

Bogenoemde is met ingang 1 April 1990 as Onderrekenmeester (Persoonlik tot bekleër : Vlak 7-6) aangestel. Die spesiale diensvoorwaardes by aanstelling meld onder andere dat op aanbeveling van die Departementshoof, 'n addisionele kerf na ses maande diens toegestaan kan word.

Die ses maande diens waarvan melding gemaak word, het op 30 September 1990 verstryk.

Aangesien Mnr. Gräbe bevredigende diens lewer word u hiermee in kennis gestel dat 'n addisionele kerf met ingang 1 Oktober 1990 aan hom toegeken is (kerf R37 224). Geliewe u rekords dienooreenkomstig te wysig.

STADSTESOURIER
JMDB/jcb/11

11/10 Liv
Thomas
11/10 Grabe
15/10 File P6
T/I

AFSKRIF:

Onderrekenmeester
(Salarisse en Lone)

STADSTESOURIER

# E D E N V A L E

**STADSRAAD** **TOWN COUNCIL**

Perslêer

☎ 609 - 8700 / 17

✉ 25 Edenvale
Tvl. 1610

Navrae / Enquiries: Mnr. Lamprecht - 277

My ref./ My verw. ....................................

Your ref./ U verw. ....................................

Mnr. J.G. Gräbe
p/a Stadstesourier
**EDENVALE**
1610

- 9 JAN 1991

Meneer

**BEDANKING**

Met verwysing na bogenoemde wens ek u mee te deel dat u bedanking met laaste werkdag 31 Januarie 1991 aanvaar word.

U word versoek om die aangehegte inventaris te voltooi en op u laaste werkdag aan die Betaalmeester te oorhandig.

'n Uitdienstredingsonderhoud met die Stadsklerk is op 31 Januarie 1991, om 09h30 vir u gereël.

U dienste aan die Raad gelewer word waardeer.

Die uwe

**STADSEKRETARIS**
JL/sv/17/1

*'n Afrikaanse weergawe van hierdie brief is beskikbaar op skriftelike aanvraag*
*An English translation of this letter is available on written request*